# Moedersdag: Minute-To-Win-It Speletjies:

## Speletjie 1

Die vol fiemies eter

- Skinkbord
- 20 Wit Ping Pong Balletjies
- Gekleurde Ping Pong Balletjies

Mamma werk elke dag hard om vir ons lekker aandete voor te berei. Daar is altyd iemand wat vol fiemies is met kos in die gesin. In hierdie uitdaging moet jy die een in die gesin wat vol fiemies is help deur al die wit balle van die skinkbord af te blaas, sodat net die gekleurde balle oorbly op die skinkbord. Jy het 60 sekondes om die taak te voltooi

## Speletjie 2

Twee dinge gelyk

- 2 Plastiek bekers
- 2 klein balletjies wat bons

Plaas die twee bekers op 'n tafel of op verhoog neer. Staan 'n paar meter weg van die bekers

Mamma's probeer altyd 2 dinge gelyk doen. Jy dink miskien dit is maklik. As jy so dink, sal die uitdaging baie maklik vir jou wees. Hou altwee die balle in een hand en gooi albei balle tegelyk na die bekers. Jy moet altwee die balle laat land in die bekers voor 60 sekondes verby is. As jy dit nie kan regkry nie, moet jy miskien vir mamma 'n bietjie laat rus en haar help met die takies by die huis

## Speletjie 3

Baba hou van 'n ratel

- 2 Leë twee liter bottels
- Albasters

Maak een bottel vol albasters. Heg die bottels aan mekaar vas met baie sterk kleeflint.

Babas hou van ratels omdat dit geraas maak. Mamma hou ook van die ratels omdat dit baba gelukkig maak. In die uitdaging moet jy al die albasters skud van een twee liter bottel na die ander. Maak dit klaar in 60 sekondes of minder en mamma sal gelukkig wees.

## Speletjie 4

Kos in die meubels

- Tafel
- 10 Smarties/Jellybeans
- 1 Strooitjie

- 1 Klein drommetjie

Versprei die 10 lekkers op die tafel

Kinders het geëet in die sitkamer.  Die taak is om die lekkers op te suig met ‘n strooitjie en die krag van jou longe.  Suig elke lekker op met die strooitjie en gooi in die drommetjie.  Jy het 60 sekonders om die taak te voltooi

## Speletjie 5

Koekie gesig

- 1 Koekie per deelnemer

Jy moet die koekie van jou voorkop af laat gaan tot by jou mond met net jou gesig se spiere.  Voltooi die taak in 60 sekondes of minder

Hierdie les is vertaal van die children’s ministry deals hulpbron: 10 Mothers day games by die volgende skakel:

http://childrens-ministry-deals.fetchapp.com/get/51476c98